UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Mei/Junie 2017

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

**BLAAI OM**

UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Mei/Junie 2017

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

---

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

Hierdie vraestel bestaan uit nege bladsye

**INSTRUKSIES**

**AFDELING A: VERPLIGTEND**

VRAAG 1 BEANTWOORD AL DIE VRAE (25 PUNTE)

**AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE.**

VRAAG 2 (25 PUNTE)

VRAAG 3 (25 PUNTE)

VRAAG 4 (25 PUNTE)

VRAAG 5 (25 PUNTE)

**TOTAAL: 100**

**BLAAI OM**

**VRAAG 1: VERPLIGTEND**

1 1 Kies for korrekte stelling oor epilepsie

(a) Epilepsie is die ontlading van abnormale elekriese aktiwiteit in die brein

(b) Die oorsprong van epilepsie is in die brein en ook in die liggaam

(c) Epilepsie is die ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein

(d) Kinders met epilepsy vertoon soms afwykende gedrag wat hulle kan beheer

1 2 het 'n afsonderlike grammatika wat nie op gesproke of geskrewe taal gebaseer is nie

(a) Gebare

(b) Gebaretaal

(c) Eenhandalfabet

(d) Tweehandalfabet

1 3 Die volgende is tekens van moontlike ouditiewe problem 'n Leerder

(a) praat eentoning, vermy mondelinge werk, is dikwels onoplettend, vind dit moeilik om met maats oor die weg te kom

(b) praat te vining of te stadig, is dikwels onoplettend, weier om aan balspeletjies deel te neem, verwar letters wat dieselfde vorms het

(c) vermy mondelinge aktiwiteite, is onderhewig aan vining veranderde stemmings, maak swaar op gebare staat, praat te sag of te hard

(d) draai sy kop om te luister, beweeg sy kop wanneer hy na prentjies kyk, weier om aan balspeletjies deel te neem, praat te hard of te sag

1 4 taal is die taal waarin 'n mens dink

(a) Innerlike
(b) Reseptiewe
(c) Ekspressiewe
(d) Nie-verbale

1 5 Die term "leerprobleme" verwys nie na

(a) probleme wat in die eerste plek voortspruit uit visuele, gehoor- of motoriese gestremdhede, of uit intellektuele gestremdhede nie of as gevolg van emosionele, omgewings, kulturele of ekonomiese omstandighede nie

(b) probleme wat voortspruit uit die psigiologiese prosesse betrokke by die verstaan en gebruik van taal – beide gesproke en geskrewe taal nie

(c) 'n onvoldoende vermoe om te luister, dink, praat, lees, skryf, spel of om wiskundige berekenings te doen nie

(d) leerders wat probleme het om sekere vaardighede te bemeester wat nodig is om sukses op skool te behaal nie

1 6 Leerders met probleme vind dit moeilik om woorde in lettergrepe te verdeel of om dit weer saam te voeg

(a) visuele persepsie
(b) ouditiewe persepsie
(c) visueel-motoriese persepsie
(d) ruimtelike persepsie

1 7 'n Leerder met sal verkies om agter in die klas te sit

(a) astigmatisme

(b) miopie

(c) hiperopie

(d) albinisme

1 8 Downsindroom ontstaan as gevolg van afwykings *in die* gene van die kromosoom

(a) agtiende

(b) een en twintigste

(c) dertiende

(d) a, b, en c

1 9 Kies die regte kombinasie van die opsies

Transformasie in die onderwysstelsel wat leerders betref wat struikelblokke tot leer eervaar, is noodsaaklik as gevolg van die volgende redes

1 Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie

2 Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skole is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie

3 Dit word bereken dat 70% van leerders met gestremdhede waarvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is huidig buite die formele onderwysstelsel is

4 Dit wil voorkom asof die leerders wat struikelblokke tot leer ervaar meer uitgesluit word in die vroee kinderontwikkelingsfase

(a) 1, 2, 3

(b) 2, 3, 4

(c) 1, 2, 4

(d) 1, 3, 4

1.10 Wanneer al vier ledemate van 'n person met serebrale gestremdheid geraak word, staak dit bekend as

(a) monoplegie

(b) hemiplegie

(c) kwadruplegie

(d) paraplegie

1.11 Die voelsintuig is ook as 'n sintuig bekend

(a) oorblywende

(b) fisieke

(c) kinaestetiese

(d) tasbare

1.12 Sensoriese gestremdhede sluit die volgende in

(a) ouditiewe gestremdheid en visuele gestremdheid

(b) outisme en visuele gestremdheid

(c) outisme en Downsindroom

(d) ouditiewe gestremdheid en fisiese gestremdheid

1.13 Kinders wat skielike spel van aggressie, vandalisme of 'n slegte humeur het mag moontlik aan ... ly

(a) bewing

(b) ontrigtende gedrag

(c) verskuilde epilepsie

(d) neurologiese disfunksie

1.14 Reflektiewe taal verwys na

(a) 'n verteenwoordigende simboliese denke stelsel

(b) die kommunikasie van ervarings en betekenis

(c) die begrip van ouditiewe stimuli in die ontvanklike areas van die brein

(d) inligting volgens ooreentemmende kenmerke

1.15 Die volgende is kognitiewe kenmerke van 'n person met Downsindroom

(a) swak korttermyngeheue, goed om volgorde van 'n proses te onthou, vind dit moeilik om kennis na 'n nuwe situasie oor te dra

(b) verstaan die letterlike betekenis van woorde, swak langtermyngeheue, vind dit moelik om kennis na 'n nuwe situasie oor te dra

(c) goeie korttermyngeheue, beperkte abstrakte denke, begrip van verbale of geskrewe instruksies is oenskynlik beter as werklike vaardighede

(d) beperkte abstrakte denke, vind dit moeilik om volgorde van 'n proses te onthou, verstaan nie die letterlike betekenis van woorde nie

**[25]**

**1.16-1.25: Pas die terme/ frases in kolom A met die regte beskrywingkolom B. Skryf slegs die nommer en die bypasssende letter neer (bv 1.1 - N)**

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1 16 Sindrome verwys na 'n groep | A Onseker en verward |
| 1 17 'n Gestremdheid kan voorkom word deur | B Voorsien nie aan die uiteenlopende behoeftes van al die leerders nie |
| 1 18 Leerders wat rebels is | C Oorerflike faktore |
| 1 19 As a gevolg van struikelblokke tot leer kan leerders nie | D Kom voor wanneer een van die sintuieaangetas is |
| 1 20 In sommige culture word persone wat gestremd is behandel asof | E Simptome wat verband hou met 'n spesifieke toestand |
| 1 21 'n Onbuigsame kurrikulum | F Aanvaar nie die gesag van onderwysers nie |
| 1 22 Wanneer ouers inkonsekwent is, is kinders | G Vertoon as 'n algehele agterstand |
| 1 23 Genetiese faktore beteken | H Hulle potensiaal optimal verwesenlik nie |
| 1 24 Sensoriese inperkings (gestremdhede) | I Die die skep van 'n hindernisvrye omgewing deur middle van die heropbou van die samelewing |
| 1 25 Ontwikkelingsprobleme kan | J Hulle van die duiwel besete is |

**[25]**

**VRAAG 2: SENSORIESE GESTEMDHEDE**

2 1 U is gevra om 'n artikel te skryf oor die onderwerp, "Leerders met visuele inperkings tot leer"

2 1 1 Beskryf die eienskappe van leerders met visuele gestremdhede (5)

2 1 2 Verskaf advies aan onderwysers oor hoe hulle leerders met visuele gestremdhede kan ondersteun (10)

2 2 Jessica was onlangs gediagnoseer as 'n leerder met sensorineurale gehoorverlies

2 2 1 Verduidelike die oorsake van sensorineurale gehoorverlies (5)

2 2 2 Beskryf wat u sal doen om vir Jessica tydens u klasaktiwiteite te akkommodeer (5)

**[25]**

**VRAAG 3: INKLUSIEWE ONDERWYS EN STRUIKELBLOKKE TOT LEER**

3 1 Inklusiewe Onderwys is dieteiken vand die beleid van Witskrif 6 oor Spesialebehoefte-onderwys Gee **tien** redes hoekom Suid-Afrika hierdie beleid aangeneem het (10)

3 2 Bespreek die ekstrinsieke leer- en ontwikkelingshindernisse (15)

**[25]**

**VRAAG 4: OUERS EN GESINNE VAN KINDERS WAT STRUIKELBLOKKE TOT LEER ONDERWIND**

4 1 Ouers reageer op verskillende maniere wanneer hulle 'n kind met 'n fisieke en/of fisiologiese inperking het Bespreek die faktore wat ouers se houdings teenoor hulle kind sal bepaal (10)

4 2 Volgens Weeks (2003 41) affekteer 'n kind met 'n inperking ouers in verskillende maniere Bespreek die emosies en houdinge van ouers, voordat aanvaarding intree (15)

**[25]**

**VRAAG 5: SKRYF 'N OPSTEL OOR LEERPROBLEME AS STRUIKELBLOK TOT LEER**

"Leerprobleme verwys na probleme wat leerders in hulle akademiese vakke ondervind" Beskryf hoe u leerders wat taalprobleme in u grondslagfase <u>of</u> intermediêre fase klas eervaar, sal ondersteun (25)

**[25]**

**Eerste eksaminator: Mnr IL Mkhuma**

**Tweede eksaminator: Dr MG Clasquin-Johnson**

©
Unisa 2017